# Graan SA Oggend Markkommentaar

| | DATUM 2018/02/23 | DATUM 2018/02/22 | | | + - LAST WEEK 2018/02/12 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Data | Δ | Δ% | Data | Δ% | Data |
| DJIA-index | 24962 | 164.70 | 0.7% | 24798 | 3.2% | 24191 |
| Goud (Spot) | 1328.55 | 4.55 | 0.3% | 1324.00 | 0.4% | 1323.56 |
| Brent $/vat | 66.35 | 1.41 | 2.2% | 64.94 | 4.7% | 63.39 |
| 1 € / US$ | 1.2305 | 0.001 | 0.1% | 1.2296 | 0.2% | 1.2280 |
| 1 US$ / ZAR | 11.67 | -0.020 | -0.2% | 11.69 | -2.4% | 11.96 |
| Corn | R 1 681.49 | -3 | -0.2% | R 1 684.37 | *CBOT Corn Mrt cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Mrt 12:00 the previous day | |
| Wheat | R 1 914.10 | 14 | 0.7% | R 1 900.38 | * CBOT Wheat Mrt cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Mrt 12:00 the previous day | |
| Soybeans | R 4 379.95 | -54 | -1.2% | R 4 434.22 | * CBOT Soy Mrt cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Mrt 12:00 the previous day | |

**Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)**

| | Data | Δ | Δ% | Data |
|---|---|---|---|---|
| Corn Mar 18 | 366.00 | 0.00 | 0.0% | 366.00 |
| Wheat Mar 18 | 451.00 | 4.00 | 0.9% | 447.00 |
| Soybeans Mar 18 | 1032.00 | -11.00 | -1.1% | 1043.00 |

**PLAASLIKE MARKINLIGTING** — Daaglikse pariteitspryse gelewer in Randfontein

| | Data | Δ | Δ% | Data | Invoerpariteit | Uitvoerpariteit |
|---|---|---|---|---|---|---|
| SORGHUM Mar '18 | 3000.00 | 0.00 | 0.0% | 3000.00 | 3642.54 | 1793.24 |
| WMAZ Spot | 1791.00 | -3.00 | -0.2% | 1794.00 | 3623.99 | 1515.62 |
| WMAZ May 18 | 1846.00 | -4.00 | -0.2% | 1850.00 | 3093.15 | 1446.37 |
| WMAZ Jul 18 | 1890.00 | -3.00 | -0.2% | 1893.00 | 3163.84 | 1515.66 |
| YMAZ Spot | 1881.00 | 0.00 | 0.0% | 1881.00 | 3069.92 | 1411.74 |
| YMAZ May 18 | 1912.00 | -3.00 | -0.2% | 1915.00 | 3093.15 | 1446.37 |
| YMAZ Jul 18 | 1942.00 | -8.00 | -0.4% | 1950.00 | 3163.84 | 1515.66 |
| SOY Spot | 4575.00 | 23.00 | 0.5% | 4552.00 | 5907.81 | 3815.96 |
| SOY May 18 | 4653.00 | 23.00 | 0.5% | 4630.00 | 6357.88 | 4148.15 |
| SUN Spot | 4675.00 | 11.00 | 0.2% | 4664.00 | 5641.62 | 3908.30 |
| SUN May 18 | 4638.00 | 6.00 | 0.1% | 4632.00 | | |
| WHEAT Spot | 3607.00 | 12.00 | 0.3% | 3595.00 | 3919.58 | 1520.38 |
| WHEAT May 18 | 3648.00 | 11.00 | 0.3% | 3637.00 | 4743.14 | 2160.72 |
| WHEAT Jul 18 | 3696.00 | 1.00 | 0.0% | 3695.00 | 4752.32 | 2233.19 |

**BY DIE GELD PUT OPSIE**

| | WM | YM | |
|---|---|---|---|
| JULIE '18 TERMYNPRYS | R 1 890.00 | R 1 942.00 | |
| PUT TREFPRYS | R 1 900.00 | R 1 960.00 | |
| PUT PREMIE | R 105.94 | R 109.72 | |
| MINIMUM SAFEX PRYS | R 1 794.06 | R 1 850.28 | |

**MIELIE UITVOERE**

| WEEK NR. 42 | WM | YM | TM |
|---|---|---|---|
| WEEK TOTAAL | 8 054 | 31 688 | 39 742 |
| JTD TOTAAL | 589 571 | 1 371 069 | 1 960 640 |
| UITVOERBAAR | 2 500 000 | 1 850 000 | 4 350 000 |
| JTD AS % VAN UITVOERBAAR | 24% | 74% | 45% |
| TEMPO/WEEK BENODIG | 191 043 | 47 893 | 238 936 |

**MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS**

| | WM | YM | TM |
|---|---|---|---|
| WEEK TOTAAL | 3 139 | 6 287 | 9 426 |
| JTD TOTAAL | 9 618 276 | 6 487 754 | 16 106 030 |
| NOK SKATTING + REGSTELLINGS | 9 642 750 | 6 451 250 | 16 094 000 |
| % GELEWER VAN OES | 100% | 101% | 100% |
| TEMPO /WEEK BENODIG | 2 447 | -3 650 | -1 203 |

**KORING INVOERE**

| | 2017/18 | 2016/17 | 5 Jr. GEM |
|---|---|---|---|
| WEEK TOTAAL | 97 392 | 43 428 | 50 479 |
| JTD TOTAAL | 923 576 | 246 186 | 246 178 |
| TOTAAL BENODIG | 2 000 000 | 930 728 | 1 622 999 |
| JTD AS % VAN BENODIG | 46% | 26.5% | 15% |

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

**Mark oorsig:** Die rand verhandel vanoggend effens sterker, maar is steeds in ՚n nou verhandelingsband en daar is nie baie beweging in die waarde van die rand gewees sedert gister middag met marksluiting nie. Die rand verhandel vanoggend teen R11.66/$. Daar is plaaslike ekonomiese data hierdie week bekend gemaak wat die waarde van die rand ondersteun teenoor die doller wat hierdie week weer begin versterk het. In die begrotingsrede wat Woensdag deur die minister van finansies gelewer was, is aangekondig dat die BTW gaa n toeneem vanaf die huidige 14% tot en met 15%. Met die toename in die BTW beoog die regering om ՚n verdere R36 biljoen rand in te samel en hierdie besluit was grootliks geneem om die gratis hoër onder wys te befonds wat verlede jaar aangekondig was. Die regering beplan ook om die staatsbesteding te sny wat goeie inslag gevind het by die graderings agentskappe. Die Suid Afrikaanse inflasiekoers vir J anuarie was ook Woensdag bekend gemaak en die VPI het in Januarie gedaal tot en met 4.4% vanaf die 4.7% in Desember 2017. Die Brent ru olieprys het gister weer ondersteuning gevind nadat die OPEL lande ՚n l angtermyn ooreenkoms met Rusland bereik het om die olieuitset te beperk. Die olieprys verhandel vanoggend teen $66.35/$.

**Mielies:** Die Amerikaanse mielieprys het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag alhoewel die prys toenames s legs gering was in meeste van die belangrike kontrak maande. Die ondersteuning in die mark kan grootliks toegeskryf word aan die USDA se eerste intensies om te plant verslag wat op 90 miljoe n akker geskat was wat ongeveer 0,2% laer is as verlede seisoen se oppervlakte wat aangeplant was. Die intensies om te plant was ook laer as wat die gemiddelde verwagtinge in die mark was. In terme van di e uitvoere het privaat uitvoerders uitvoerverkope van ongeveer 130 000 ton na onbekende bestemmings toe aangekondig. Suid Korea het 119 386 ton se mielies aangekoop wat gister gesluit het en dit sal vanaf die VSA verkry word. Die gemiddelde verwagtinge in die mark vir die weeklikse uitvoerverkope verslag is dat die weeklikse uitvoere tussen 1 miljoen en 1.6 miljoen ton behoort te wees en dit is min of meer in lyn met verlede week se 1.3 miljoen ton se uitvoere. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister meestal laer verhandel vir die dag, maar die prysbewegings vir die dag was klein gewees. Die plaaslike mark bly steeds onder druk as gevolg van die groot plaaslike voorrade, die sterker rand en die plaaslike weerstoestande wat meer gunstig gedraai het met goeie reën wat oor groot gedeeltes van die land se produksiegebiede voorkom.

**Sojabone:** Die Amerikaanse sojaboonmark het gister onder druk gekom en laer verhandel vir die dag ten spyte van die feit dat die USDA se eerste intensies om te plant verslag wat gister bekend gemaak was glad nie negatief was vir die markte nie. In gister se eerste intensies om te plant verslag wat deur die USDA bekend gemaak w as is die verwagting dat die Amerikaanse sojaboon aanplantings vir die 2018 effens laer behoort te wees as die 2017 seisoen se aanplantings. Die verwagte oppervlakte wat aangeplant gaan word hierdie se isoen is egter steeds relatief baie aangesien die 2017 seisoen se sojaboon aanplantings in die VSA ook as groot bestempel was. In terme van die internasionale handel van sojabone het privaat uitvoerde rs daaglikse sojaboon uitvoerverkope van ongeveer 109 000 ton aan die USDA gerapporteer vir lewering aan onbekende bestemmings. Ongeveer die helfte van hierdie uitvoerverkope is bestem vir lewering in die huidige seisoen terwyl die balans vir lewering in die 2018/19 seisoen is wat 1 September 2018 begin. Die verwagting in die mark vir die weeklikse uitvoerverkope is dat dit ongeveer tussen 600 000 ton en 1.1 miljoen ton behoort te wees. In Argentinië was die produksie verwagting vir die seisoen nog laer aangepas met die weersomstandighede daar wat steeds nie gunstig is vir die produksie nie. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is. Die plaaslike sonneblomsaad mark het gister aanvanklik in die sessie meestal sywaarts verhandel, maar het ondersteuning gevind nader aan die einde van die sessie en het effens hoër gesluit vir die dag.

**Koring:** Die Amerikaanse koringmark het gister gemeng verhandel ten spyte van die eerste intensies om te plant verslag wat aangetoon het die koring oppervlakte vir die 2018 seisoen aansienlik behoort toe te neem vanaf verlede seisoen se oppervlakte aangeplant. Die winterkoring markte het gister ondersteuning gevind en het effen s sterker verhandel as gevolg van beskerming wat teen kort posisies in die mark geneem was. Die lentekoring mark het gister egter onder druk gekom en het laer gesluit vir die dag. Die eerste intensies om te plant verslag wat die USDA gister bekend gemaak het, het getoon dat die oppervlakte wat in die 2018 seisoen aangeplant behoort te word ongeveer 500 000 akkers meer behoort te wees as verlede seisoen se oppervlakte aangeplant. Dit kan bydra tot groter produksie in die VSA en meer toevoegings tot die groot internasionale koringvoorraad. In terme van die wêreld handel is die gemiddelde handelsverw agtinge vir die week se Amerikaanse koring uitvoerverkope tussen 250 000 en 600 000 ton. Die Europese Unie se koring uitvoere vir die seisoen tot datum is ongeveer 19% laer in vergelyking met dieselfde ty d van die seisoen verlede jaar. Tunisië het koring gekoop vir invoere in ՚n internasionale tender en dit kan van enige oorsprong af verkry word, terwyl Jordanië weer ՚n nuwe tender uitgesit het om korin g aan te koop vir invoere nadat daar geen aankope gedoen was in verlede week se tender nie. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister meestal ondersteuning gevind en het effens sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is alhoewel die prysbewegings vir die dag nie groot was nie.

**Plaaslike Markinsigte & Data:** *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
**Internasionale Markinsigte & Data:** *www.usda.co.za*

***Opgestel deur** Michelle Mokone en Luan van der Walt / **Vir navrae, kontak**: Michelle@grainsa.co.za/luan@grainsa.co.za*

Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

*Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.*